
Afrikaanse Baptiste Kerke
'n Lewende refleksie van die lewende God

# Geloofsbelydenis van die Assosiasie van Bybelsgedrewe Kerke in Suid Afrika (ABKSA)



Kol 1 : 28-29

# INHOUDSOPGAWE

ABKSA Geloofsbelydenis van 2024 3

Erkenning 3

Inleiding 3

Motivering 3

Hersiening van geloofsbelydenis 4

Wat glo ons oor: 5

1. Die Heilige Skrif (Skrifbeskouing) 5

2. Die Godsleer 6

3. Die Skeppingsleer 6

4. Die Seun van God (Christologie) 7

5. Die lewe en dood van Jesus Christus (Versoeningsleer) 7

6. Jesus Christus se opstanding, Hemelvaart en wederkoms (Eskatologie) 8

7. Die Heilige Gees (Pneumatologie) 9

8. Verlossing (Soteriologie) 9

9. Die Kerk (Ekklesiologie I) 11

10. Die Instellings (Ekklesiologie II) 12

11. Die Sending van God (Missiologie) 12

12. Die Eindtyd (Eskatologie) 13

Aanhangsel 1: Verklaring van Bybelse beginsels 14

Aanhangsel 2: Nashville-geloofsverklaring met Skrifverwysings. ('n Koalisie vir Bybelse seksualiteit) 16

Aanhangsel 3: 'n Verklaring oor Algemene Geregtigheid en die Evangelie 20

# Assosiasie van BYBELSGEDREWE KERKE in SUID AFRIKA (ABKSA)

## ABKSA Geloofsbelydenis van 2024

## Erkenning

Taakspan:

Di. Johann Odendaal, Nicki Coertze, Tian de Beer, Jannie Vosloo, Jacques Louw, Jaque Hattingh en Gary Plant

In samewerking met: Me. Esta Jefferies en Ds. Ivor Jefferies

## Inleiding

Met toenemende vrae oor uitdagings soos die sekulêre wêreldbeskouing van die moderne Woke agenda, is dit duidelik dat ons tradisionele Bybelse ortodoksie blatant aangeval word. Dit is ’n aanval op die gesag, inspirasie, onfeilbaarheid en betroubaarheid van die Skrif.

Die hedendaagse sekulêre wêreldbeskouing vereis ’n meer breedvoerige omskrywing van ons Bybelse oortuigings.

Te midde van ’n moderne en sekulêre wêreldbeskouing, met inagneming van historiese belydenisse (waarvoor ons groot waardering het en wat vir ons Bybelse riglyne bied), verbind (ABKSA) hom daartoe om sy geloofsbeginsels te artikuleer.

## Motivering

(ABKSA) bestaan as ’n uiteenlopende assosiasie van Bybelsgedrewe kerke wat oor ’n groot geografiese gebied strek. Die assosiasie bestaan uit ’n ryk verskeidenheid van tale, etnisiteit, kulture, bedieningskontekste en teologiese oortuigings.

Hierdie verskeidenheid is ’n aanwins en hou groot potensiaal in vir die verspreiding van die evangelie. Indien dit nie behoorlik beheer, bestuur en gedefinieer word nie, bestaan die potensiaal van verdeeldheid en selfs afvalligheid. Ons moet die fondamente van ons eenheid stewig vestig. Ons moet die nie-onderhandelbare kernwaardes wat ons in gemeen het, vier.

Laastens moet ons die basis van ons eenheid binne ons verskeidenheid vier sonder dat ons eenvormig hoef te word. Ons benodig ’n Geloofsbelydenis wat ons Bybels definieer; een wat ons sonder gewetensbesware kan verenig. Hoe sterker en duideliker gedefinieerd ons gedeelde oortuiging is, hoe sterker sal ons eenheid ook wees. In ’n Bybelse Assosiasie van Christen gemeentes wat ons verskeidenheid wil handhaaf, bemagtig en vier, is dit noodsaaklik dat ons baie duidelik moet uitspel wat dit beteken om ’n Bybelse Christen te wees.

> *Om leraars toe te rus om hul gemeentes te lei tot geestelike volwassenheid. Kol 1:28-29*

## Hersiening van geloofsbelydenis

## Hersien deur die werkgroep soos aangestel deur die A.B.K. Algemene Jaarvergadering te Kroonstad op 4-6 Maart 2024

Die werkgroep, deel hiermee die vrug van ons werk van die afgelope maande in die vorm van 'n voorgestelde nuwe geloofsverklaring vir die ASSOSIASIE VAN BYBELSGEDREWE KERKE IN SUID-AFRIKA: (ABKSA). Dit was 'n voorreg om deel te wees van so 'n belangrike saak. Met die oog op die stigting van ’n nuwe Assosiasie vertrou ons dat die voorgestelde belydenis vir ons gemeentes tot hulp sal wees.

> “*… Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.*” (1 Tim.3:15). [1983-vertaling]

> *“…. die kerk van die lewende God, wat 'n pilaar en fondament van die waarheid is”* (1Tim 3:15) [1953-vertaling]

# Wat glo ons oor:

## 1. Die Heilige Skrif (Skrifbeskouing)

Ons Glo:

(1) dat die Skrif in sy oorspronklike vorm uit die 66 boeke van die Ou- en Nuwe Testament saamgestel is;

(2) dat die Heilige Gees van God die skrywers geïnspireer en beïnvloed het, sodat hierdie geskrifte die Woord van God is;

(3) dat die Skrif, as gevolg van die Goddelike oorsprong en inspirasie van sy woorde geloofwaardig en foutloos is in alles wat dit verklaar en bevestig;

(4) dat hierdie Skrifdele (die Ou- en Nuwe Testament) die volledige en finale openbaring van God aan Sy kinders is.

(5) dat elke direkte vertaling wat getrou is aan die oorspronklike geskrifte, en wat met verantwoordelikheid verklaar is, duidelik die waarhede openbaar wat nodig is vir ons redding: 'n Godvresende lewenstyl en volwassenheid in Christus;

(6) dat die Skrif alleen ons genoegsame, finale en hoogste gesag in alle geloof-sake en -praktyke is;

(7) dat sogenaamde teenstrydighede tussen vertalings en Bybelboeke deur die Skrif self verdedig en verklaar word; en

(8) dat geen ander geskrifte, visioene, drome en sogenaamde profesieë die plek van die heilige Skrif in die prediking en openbaring aan die gemeente mag vervang nie.

1) Rom. 3:2; Matt. 5:18; Luk. 24:27; Openb. 22:18-19; Deut. 4:1-2; Spr. 30:5-6
2) 2Pet. 1:19-21; Luk. 1:70; Hand. 1:16; Hand. 3:18; Ef. 6:17; Hebr. 3:7
3) Joh. 10:35; Joh. 17:17; 2Tim. 3:16-17; Joh. 14:26
4) Matt. 24:35; Rom. 3:2; Hand. 7:38; 1Kor. 9:8-10; 1Kor. 4:6; Deut. 4:1-2; Spr. 30:5-6; Openb. 22:18-19
5) 2Tim. 2:15; 2Pet. 3:16; Hand. 17:11; 2Pet. 1:3-4; Ps. 19:8-15
6) Judas 1:3; Luk. 16:29-31; Matt. 4:1-4; Mark. 7:9-13; Rom. 15:4
7) 2Tim. 2:15; 2Pet.1:20-21
8) Jer. 23:28; 2Tim. 3:16-17; Judas 3; 2 Kor. 4:2-5

## 2. Die Godsleer

Ons Glo:

(1) in een God wat van ewigheid af in drie gelyke Persone bestaan: die Vader, die Seun en die Heilige Gees;

(2) elke Persoon van die Drie-eenheid is ten volle en gelykwaardig God, terwyl hulle in hulle Persoon en werk uniek is;

(3) dat hierdie drie-enige God volmaak, ewig en Soewerein in Sy wese is;

(4) dat God reeds voor die skepping besluit het om sondaars deur die offer van sy Seun te red. Volgens Sy soewereine plan het Hy Christus beskik om oor die geskiedenis te heers en uiteindelik alles onder een Hoof te verenig, naamlik Christus.

(5) dat alles wat bestaan uit Hom, deur Hom en tot Hom bestaan, en geskep is om die heerlikheid van Sy wonderlike Naam te openbaar;

(6) dat God se soewereine heerskappy oor alle wêreld heersers, magte, kragte en owerhede, insluitende Satan en sy gevalle engele, strek; en

(7) dat God Sy eer nie met ander deel nie.

1) Deut. 6:4; Jes. 46:9; 1Kor. 8:6; 1Tim. 2:5; Matt. 3:16-17; Matt. 28:19; Matt. 14:16-17; 1Pet. 1:1-2; Openb. 1:4-6
2) Joh. 1:1-3, Joh. 3:16; 1Kor. 8:6, 1Kor. 12:4-5; Gal. 4:4-6; Ef. 1:3-14; 1Pet. 1:1-2
3) 1Tim. 6:15-16; Jes. 6:3; 1Pet. 1:15; Deut. 7:9; Ps. 86:15; Ps. 89:15; Ps. 117; Rom. 8:37-39; 1Joh. 4:16; Rom. 11:33-36; 1Tim. 1:17; Jes. 55:9; Rom. 16:27
4) Joh. 3:16; Ef. 1:4-5, 11, 13; 1Tim. 1:15; 2Tim. 1:9; Openb. 13:8; Gen. 50:20; Jes.9:7; Jes. 46:8-11; Dan. 4:35; Hand. 17:26; Ef. 1:10
5) Jes. 48:11; Rom. 11:36; Ef. 1:5, 6, 14; Ef. 2:7; Openb. 5:13
6) Job 1-2, Ef. 1: 20-22; 3:10; 6:12; Kol. 2:15; 1 Pet. 3:22
7) Jes. 42:8; Jes. 48:11; Joh. 5:23

## 3. Die Skeppingsleer

Ons Glo:

(1) dat God in die begin alle dinge, sigbaar en onsigbaar in ses dae, soewerein geskep het en 'n behae daarin gehad het;

(2) dat Hy die mens uitsluitlik manlik en vroulik gemaak het om Sy beelddraers te wees. Hy het hulle met 'n gelykwaardigheid geskep en hulle geroep om oor Sy skepping te heers en daarvoor te sorg;

(3) dat die mens se lewe heilig is vir God, dat dit by bevrugting begin en op geen stadium deur 'n mens beëindig mag word nie, omdat slegs God lewe gee en lewe neem;

(4) dat God die huwelik geskep het as 'n eksklusiewe, lewenslange eenheid van wedersydse onderdanigheid tussen 'n natuurlik-gebore man en 'n natuurlik-

gebore vrou. Die man moet verantwoordelik en liefdevol die leiding neem en as haar man se pasmaat moet die vrou hom ondersteun; en

(5) dat die eerste mens, Adam, gesondig het en homself – en alle mense – daardeur die straf van fisiese en geestelike dood op die hals gehaal het. As gevolg van Adam se sonde is alle mense van nature en uit vrye keuse skuldig en strafbaar voor God.

1) Kol. 1:16; Openb. 4:11; Gen. 1:1, 31
2) Gen. 1:26-31; Mark. 10:6; Jak. 3:9
3) Gen. 9:6; Ps. 119:73; Ps. 139:13-16; Jer. 1:5; Jes. 42:5; Sag. 12:1 Luk. 1:41; 1 Sam. 2:6; Job 1:21; Eks. 4:11
4) Gen. 2:24; Mal. 2:15; Matt. 19:5-6; Ef. 5:22-24; Ef. 5:25-31; Hebr. 13:4; Lev.18:22; Lev. 20:13; Rom. 1:26- 27; 1Kor. 6:9-11
5) Gen. 3:6-8, 16-19; Gen. 6:5; Rom. 3:10-19, 23; Rom. 5:12,17; Rom. 7:9; 1Kor.15:22; Ef. 2:3

## 4. Die Seun van God (Christologie)

Ons Glo:

(1) dat die Here Jesus Christus die ewige Seun van God is en wat self volkome God is;

(2) Hy het in die volheid van die tyd volkome mens geword. Die volheid van God woon in Hom liggaamlik en Hy was in elke opsig soos ons, maar sonder sonde;

(3) dat Hy deur die Heilige Gees ontvang is, uit die maagd Maria gebore is en dat sy Naam Jesus genoem is (dit beteken "God red"); en

(4) dat Hy daarom die volmaakte en enigste Middelaar tussen God en die mens is.

(5) dat Jesus Christus die volkome en eksklusiewe bekendmaking van God se wese is.

1) Ps. 2:7; Joh. 1:1; 1 Joh. 1:1-2
2) Joh. 1:14; Gal. 4:4; Fil. 2:5-8; Hebr. 2:14; Hebr. 4:15; Kol.1:15-19; Kol. 2:9
3) Luk. 1:31, 35; Matt. 1:21; Rom. 1:3-4; 1Kor. 15:47-48; Kol.1:19; Kol. 2:9
4) Ef. 2:18; 1Tim. 2:5; Hebr. 9:15; Hebr. 12:24; 1Joh. 2:1; Joh. 14:6
5) Joh. 1:18; Joh. 14:9

## 5. Die lewe en dood van Jesus Christus (Versoeningsleer)

Ons Glo:

(1) dat die Here Jesus Christus 'n sondelose lewe gelei het, dat Hy in elke opsig volmaak gehoorsaam was aan Sy Vader, en dat Hy die beloofde Koninkryk van God in al Sy woorde en dade ingelei het;

(2) dat Hy Homself, vir die vreugde wat Hom voorgehou is, as die volmaakte, plaasvervangende en versoenende offer vir sondaars wat in Hom glo, opgeoffer het;

(3) dat Hy oor sonde, die dood en al die bose magte triomfeer en so vir Homself uit elke stam, taal en nasie 'n volk losgekoop het;

(4) dat die Seun van God aan die kruis God se toorn oor ons sondes moes verduur; en

(5) dat Sy gestorte bloed (as die bewys van Sy sterwe) die enigste basis vir ons redding is, asook die grootste openbaring van God se heerlike genade aan ons.

1) Jes. 53:7-9; 2Kor. 5:21; 1Pet. 2:22; Hebr. 4:15; 1Joh. 3:5
2) Jes. 53:5-12; Rom. 3:23-25; 2Kor. 5:21; Hebr. 9:14; Hebr. 12:2; 1Pet. 3:18; 1Joh. 2:2
3) Joh. 12:31; 1Kor. 15:54-57; Hebr. 2:14; Hebr. 9:26; Ef. 1:11-14; Kol. 2:14; 2Tim. 1:10; 1 Joh. 3:8; Openb. 5:9; Openb. 7:9
4) Jes. 53:5-6; Matt. 27:45-46; 2Kor. 5:21; Gal. 3:13; Rom. 5:9; Hebr. 9:14, 22; 1Joh. 4:10
5) Rom. 8:32; Ef. 1:5-7; Kol. 1:14, 20; Hebr. 9:22; Openb. 5:9

## 6. Jesus Christus se opstanding, Hemelvaart en wederkoms (Eskatologie)

Ons Glo:

(1) dat die Here Jesus gekruisig is, begrawe is en op die derde dag met 'n verheerlikte liggaam fisies uit die dood opgewek is; dat Hy as die eerste Vrug van God se nuwe skepping verheerlik is;

(2) dat Hy opgevaar het na die Hemel waar Hy as Heerser oor alle dinge aan die regterhand van die Vader sit;

(3) dat Hy tans as ewige Hoëpriester en Advokaat intree vir almal wat deur Hom na God getrek word; en

(4) dat Hy Self sigbaar, liggaamlik en triomfantelik in heerlikheid sal terugkeer om die wat nog lewe en die wat reeds dood is, te oordeel.

1) Hand. 2:32; Luk. 24:39; Joh. 20:27; 1Kor. 15:17, 23
2) 1Kor. 15:20; Hand. 1:9-11; Ef. 1:20-22; 1Tim. 3:16; 1Pet. 3:22
3) Joh. 1:12-13; Joh. 14:16; 1Joh. 2:1; Rom. 8:34; Hebr. 7:25
4) Matt. 24:29-30; Luk. 17:24; Hand. 1:10-11; 1Tess. 4:16; 1Joh. 2:28; 2Tim. 4:1; 1Pet.4:5; Openb. 1:7

## 7. Die Heilige Gees (Pneumatologie)

Ons Glo:

(1) dat die Heilige Gees God is; die derde Persoon in die Heilige Drie-eenheid wat die ewige lewe gee, die wêreld gevorm het en spesifieke individue vir Sy doel bekragtig het. Hy is in die Heilige Skrif aan die woord;

(2) dat God Jesus Christus met die Gees vir Sy bediening gesalf het; dat Hy tydens Pinkster die Gees aan die Kerk gegee het om in ons te woon, ons te lei en ons te verenig. Ons glo dat elke gelowige 'n gawe vir verskeie werke van dienslewering ontvang het;

(3) dat alle gelowiges die Heilige Gees in Sy volheid by weergeboorte ontvang;

(4) dat die Heilige Gees Christus verheerlik, gelowiges help om die Woord te verstaan, en die wêreld van sonde, geregtigheid en oordeel oortuig. Die Gees verenig ons met Jesus en transformeer die Christen na gelykvormigheid aan Sy beeld deur die proses van heiligmaking;

(5) dat die Heilige Gees God se liefde in gelowiges se harte uitstort en hulle in staat stel om te bid en vir Hom te getuig. God het Sy kinders met die Heilige Gees verseël vir die dag waarop Hy hulle liggame sal verlos; en

(6) dat die Heilige Gees soos Hy wil gawes aan alle gelowiges in Christus gee. Dit doen Hy tot die ordelike opbou van die gemeente wat deur die vrug van die Gees gekenmerk word.

(7) dat enige gawe/s wat manifesteer en of beoefen word op so 'n wyse dat dit buite die Bestek van God se finale en volkome openbaring in Christus beweeg, of die absolute gesag van die Skrif aantas, verwerp moet word.

1) Rom. 8:2; 2Kor. 3:6, 17-18; Joh. 6:63; Gen. 1:2; Job 33:4; Ps. 33:6; Ex. 35:30-31; Num. 24:2; 1Sam. 10:10; 2Sam. 23:2; Hand. 1:16; Hebr. 3:7; 2Tim. 3:16
2) Jes. 61:1; Matt. 3:16; Luk. 4:18; Hand. 10:38; Hand. 1:8; Hand. 2:4; Rom. 8:11, 14; Ef. 4:3-4, 11, 12; Rom. 12:4- 7; 1Kor. 12:7-11
3) 1 Kor. 12:13, Rom. 8:15; Gal 4:6
4) Joh. 16:8, 13-14; 1Kor. 2:9-16; Ef. 1:17-18; 2Kor. 3:18; Gal. 4:19; Gal. 5:2-23
5) Rom. 5:5; Rom. 8:26-27; Ef. 6:18; Hand. 1:8; 2Kor. 1:22; Ef. 1:13; Ef. 4:30
6) 1 Kor. 12:4-6; Rom. 12:3-8; Ef. 4 :12-16; 1Pet. 4:10; 1 Kor. 14:40
7) 1 Kor. 12-14

## 8. Sonde en die mens (Antropologie en Hamartiologie)

### Antropologie (Die leerstelling van die mens)

Ons glo:

1) in die letterlike weergawe van die skepping, dat die mens geskep is deur God as die kroon van God se skepping.
2) dat die mens na die beeld van God geskep is en die opdrag ontvang het om te heers oor die skepping

3) dat die beeld van God in die mens uitgedruk en geleef word deur verhoudings, skeppende optrede en verantwoordbaarheid teenoor God en mens
4) dat die mens deur sy ongehoorsaamheid uit sy staat van volmaakte geskapenheid geval het in ’n staat van radikale / totale verdorwenheid
5) dat deur sy daad van sonde, deur een mens, die dood in die wêreld gekom het. Deur hierdie een daad van sonde, is sonde oorgedra aan alle mense en dat alle mense daardeur geestelik doodgebore is
6) dat die mens in twee kategorieë val, naamlik dié wat gered en dié wat verlore is.

Gen.1:26-27; Gen.2:7,16-17, 21-25; Gen.3:6,19; Psalm 3:2; Gen.41:8; Ef. 2:1; 2Tim.4:22; Hebr.4:12; Rom.8:1-14; Gen. 5:5; Gen.3:23-24; Rom.5:12

**Hamartiologie (Die leerstelling van sonde)**

Ons glo:

(1) dat sonde die mislukking is van enige poging om aan God se morele standaarde van volmaaktheid te voldoen, in wese, optrede en gesindheid.
(2) dat deur die misleiding van Satan in die tuin van Eden, die mens deur sy ongehoorsaamheid en ondeurdagte optrede, tot ’n val van totale verdorwenheid gekom het.
(3) dat die basis van uiteindelike en volledige oorwinning oor sonde slegs gevind kan word in die dood en opstanding van Jesus Christus.
(4) dat die wat in Jesus Christus glo, regverdig verklaar word, op grond van Christus se volmaakte werk aan die Kruis.
(5) dat die uiteindelike voltooiing van ons verlossing voltrek word by die Wederkoms van Jesus Christus.

Rom.5:20-21; Rom.6:1-2,6-7; Rom.7:17-18; Joh.1:29; Mat.7:23; 1Tim.2:14; Jes. 14:12-14; Op.12:1-4, 5; Gen.3:1-7; Rom.3:9-18; Rom.8:2; Rom.5:16; Rom.3:10-18; Psalm 14:1-4; Psalm 53:1-3; Rom.5:1, 9; 1Kor.15:50-53.

## 9. Verlossing (Soteriologie)

Ons Glo:

(1) op grond van Jesus se voltooide werk aan die kruis en deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees, word elke weergeborene, wat in Jesus glo en die Evangelieboodskap aanvaar, ’n nuwe skepsel;
(2) op grond hiervan ontvang sondaars vergifnis van sonde en ewige regverdiging deur Sy gestorte bloed;
(3) hierdie regverdiging en vergifnis lei tot bekering as ’n voorwaarde vir redding en die eerste teken van die heiligmaking waarsonder niemand God (die Here) sal sien nie;

(4) dat die gelowige, vanuit sy vereniging met Christus, deel in al die voordele van genade wat in Hom is. Hierdie voordele sluit onder andere die aanneming tot kinders, en die gawe en ewige verseëling van die Heilige Gees in; en

(5) dat elkeen wat deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees van sy sonde wegdraai deur op Christus te vertrou, die versekering het dat hy deur Hom aanvaar en behou sal word.

1) Joh. 1:12-13; Joh.3:3, 18; 2Kor. 5:17; Jak. 1:18; 1Pet 1:23-25
2) Luk. 18:14; Rom. 3:26; Rom. 4:5; Rom. 5:1-2; Ef. 2:13; Fil. 3:8
3) Luk. 19:8-10; Hand. 2:38; Mark. 1:15; Hand. 17:30; 2Kor. 7:10-11; 1Joh. 1:8-9; Hebr. 12:14
4) Joh.1:16; Ef. 1:3, 5, 13-14; Rom. 8:14-17; Gal. 4:4-6; Fil. 1:19
5) Joh.6:39, 10:27-29; Rom. 8:13-17; Kol. 3:1-17; Fil. 1:6; 2Tess. 3:3

## 10. Die Kerk (Ekklesiologie I)

Ons Glo:

1) die Kerk bestaan uit almal wat deur Jesus Christus verlos is, deur die Heilige Gees wederbaar is en met die Vader (en daarmee saam met mekaar) versoen is;
2) die kerk is God se volk, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees deur wie Hy Sy doel in die geskiedenis bekend maak;
3) die plaaslike gemeente is die bekendmaking van die universele kerk, ’n gemeenskap van gelowiges op ’n spesifieke plek waar God se Woord verkondig en uitgeleef word, waar die twee instellings – die Doop van die gelowige en die Nagmaal – gevier word;
4) dat beide mans en vroue in die plaaslike gemeente geroep is om te dien. en dat manlike hoofskap sigbaar moet wees; en
5) dat elke plaaslike gemeente onder die heerskappy van Jesus Christus staan. Die Amp van die ouderling word Bybels tot mans gereserveer. Die gemeente word deur die ouderlinge gelei, op so ‘n wyse dat dit nie die lidmate van hulle seggenskap, soos Bybels gedefinieerd, vervreem nie. Beide lidmate en ouderlinge verrig praktiese dienswerk (diakonale werk).
6) dat God slegs twee ampte in Nuwe Testament aan Sy kerk gee; naamlik die amp van ouderling en diaken.

1) Matt. 16:18; Ef. 1:22-23; Ef. 5:23; Kol. 1:18; Hebr. 12:23
2) 1Kor. 3:16; Ef. 1:23; Ef. 3:9-10; 1Pet. 2:9-10
3) Hand. 20:28; 1Kor. 1:2; Ef. 2:18-21; 1Tim. 3:15; 2Tim 4:1-5; 1Pet 2:5, 9-10; Matt. 28:19-20; 1Kor. 11:23- 32; Rom. 6:1-4; Matt. 18:15-20; Gal. 6:1-5; Tit. 3:10
4) Hand. 2:17-18; 1Kor. 11:5; 1Kor. 14:34; 1Tim. 2:8-15; 1Pet. 3:7; 1Pet. 4:10-11

5) Hand. 6:1-7; Hand. 14:23; Hand. 15:3-4, 22-28; Hand. 20:28; Matt. 18:17; Ef. 5:23; Fil. 1:1; Kol. 1:18; 1Kor. 5:1-13; Tit. 1:5-9; 1Tim. 3:1-13; 1Pet. 5:1-3
6) 1 Tim 3:1-13

## 11. Die Instellings (Ekklesiologie II)

Ons Glo:

(1) dat die Here Jesus Christus twee instellings aan die Kerk gegee het, naamlik die Doop van die gelowige en die Nagmaal. Die Kerk moet hierdie instellings in gehoorsaamheid onderhou. Dit dien as ’n getuienis van die belangrikste feite van die Christelike geloof, terwyl nóg die doop nóg die nagmaal enige reddingswaarde het;

1) dat die doop deur enkelvoudige onderdompeling van die belydende gelowige in water is: ’n belydenis daarvan dat hy hom met Christus in Sy dood, begrafnis en opstanding vereenselwig; en
2) dat die gelowige by die gebruik van die Nagmaal deel het in ons Verlosser se liggaam (die brood) en in Sy bloed (die wyn/druiwesap) ter gedagtenis aan Sy dood, totdat Hy weer kom.

1) Matt. 28:19-20; Matt. 3:16; Rom. 6:1-4; Gal. 3:27; Luk. 22:14-20; Hand. 2:41-42; 1Kor. 10:16; 1Kor. 11:23-32
2) Hand. 2:38; Rom. 6:3-5; Kol. 2:12; Gal. 3:27
3) Mark. 14:22-28; 1Kor. 10:16; 1Kor. 11:23-34

## 12. Die Sending van God (Missiologie)

Ons Glo:

(1) die Kerk (elke weergebore kind van God) se sending is om deur die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus en die krag van die Heilige Gees in alle lande dissipels van alle volke, tale en nasies te maak. Dit geskied deur die Kerkplanting en die vestiging van gelowiges om alles wat Jesus Sy dissipels geleer het, te gehoorsaam;
(2) dat ons, deur ons naaste lief te hê soos onsself – met deernis, prakties en met wysheid – die liefde van God aan almal betoon; en
(3) dat ons dit alles volgens die Skrif moet doen, in die skadu van die Kruis en die krag van Jesus se opstanding.

1) Ps. 22:27; Ps. 67:1-7; Matt. 16:8; Matt. 28:18-20; Hand.1:8; Hand.14:22; Ef. 4:11-16; Tit. 1:5
2) Lev. 17:18; Luk. 10:25-27; Joh. 13:35; 2Kor. 5:14; Gal. 6:9-10
3) Mark. 8:34-35; Rom. 1:4; 1Kor. 1:18-23; Ef. 1:19-20; Fil. 3:10; Jak. 2:8

## 13. Die Eindtyd (Eskatologie)

Te midde daarvan dat ons erken daar is verskeie sienings van die eindtyd, erken ons die volgende nie-onderhandelbares.

Ons Glo:

(1) dat Jesus sigbaar, liggaamlik en triomfantelik in heerlikheid sal terugkeer om die wat nog lewe en die wat reeds dood is, te oordeel.

(2) in die liggaamlike opstanding van beide regverdiges en onregverdiges.

(3) dat alle gelowiges voor die regterstoel van Christus sal verskyn om beoordeel te word vir dit wat hulle in die liggaam gedoen het en dat die ongelowiges voor die regterstoel van God sal verskyn om veroordeel te word;

(4) dat diegene wie se name in die Boek van die Lewe geskryf is, die ewige lewe sal binnegaan, maar die goddelose die ewige verdoemenis; en

(5) dat ons volgens God se beloftes uitsien na 'n nuwe hemel en - aarde waarin geregtigheid woon, waar ons vir ewig by die Here sal wees en Hy by ons:
**Amen! Kom, Here Jesus!**

1) Matt. 24:29-30; Luk. 17:24; Hand. 1:10-11; 1Tess. 4:16-18, 5:1-11; 1Joh. 2:28; 2Tim.4:1; 1Pet.4:5; Openb. 1:7
2) Job 19:25-27; Ps. 16:10; Jes. 26:19; Dan. 12:2; Joh. 5:28-29; Hand. 24:15; Rom. 6:5; 1Tess. 4:16-17
3) Joh. 5:22, 27-29; Matt. 16:27; Rom. 2:6; 2Kor. 5:10; Hebr. 9:27 Rom. 8:1; Openb. 20:11
4) Matt. 7:21-23; Matt. 13:49-50; Mark. 9:45-49; Mat. 25:31-46; Openb.13:8; Openb. 20:11-15; Openb. 21:27
5) 1 Tess. 4:17; 2 Pet. 3:13; Openb. 21:1; Openb. 22:20

## Aanhangsel 1: Verklaring van Bybelse beginsels

Die volgende Bybelse beginsels is gedurende die UK Werksessie biddend oorweeg en eenparig goedgekeur te Kemptonpark op 15 Nov. 23.

Hiermee stel die UK voor dat die volgende Bybelse beginsels tydens die volgende Algemene Jaar Vergadering te Kroonstad op 4-6 Maart 2024 voorgelê word vir goedkeuring.

INLEIDING:

As Bybelgedrewe Christene deel ons baie areas van geloof met ander lede van die Christelike Kerk. Dit sluit in die geloof in een God: Vader, Seun en Heilige Gees. Ons glo in die Oppergesag van Jesus Christus as Hoof van die Kerk. Ons glo in die Bybel as die geïnspireerde Woord van God, die finale gesag vir alle sake van geloof en praktyk.

Tog is daar areas van beginsel en praktyk waarop ons as Bybelgedrewe Christene klem lê; waarhede wat uit ons verstaan van die Skrif voortvloei. As Bybelgedrewe Christene glo ons in:

1. Die DIREKTE HEERSKAPPY VAN CHRISTUS oor elke gelowige en die gemeente (plaaslike kerk). Sonder om Sy heerskappy aan iemand anders oor te dra, oefen Christus sy gesag direk oor die gelowige en die gemeente uit.

2. Die KERK as die samekoms van diegene wat deur Jesus Christus gered en deur die Heilige Gees wederbaar is. As openbaarmaking van die universele kerk is die plaaslike gemeente ’n gemeenskap van gelowiges op ’n spesifieke plek waar die Woord van God gepreek en gehandhaaf word. Die gemeente is outonoom en bly so ongeag van verantwoordelikhede wat hulle deur vrywillige verbintenis aanvaar.

3. Die DOOP VAN DIE GELOWIGE as ’n daad van gehoorsaamheid aan ons Here Jesus Christus; as ’n openbare getuienis van bekering tot God, geloof in Jesus Christus en weergeboorte deur die Heilige Gees. Dit behels die enkelvoudige onderdompeling in water – in die NAAM van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

4. Die GEMEENTELIKE BEGINSEL dat elke lidmaat die voorreg en verantwoordelikheid het om deur sy gawes en vermoëns ten volle in die lewe van die gemeente te deel. Deur die gesag van die Skrif onder leiding van die Heilige Gees is elke gemeentelid (insluitende die leiers) se voorreg en verantwoordelikheid aan die Heerskappy van Christus onderworpe. Ons erken dat God aan Sy Kerk die gawe van (i) Meervoudige Ouderlinge gee. Hulle primêre funksie is om in ’n gees van diensbaarheid te lei, om as opsieners die gemeente toe te rus en geestelik toesig te hou. (ii) God gee ook diakens met die primêre funksie om te sorg dat die praktiese aangeleenthede van die gemeente ordelik funksioneer.

2 Die PRIESTERSKAP VAN ALLE GELOWIGES waardeur elke Christen deur Christus, ons Hoëpriester, direkte toegang tot God het en deel het in Sy versoeningswerk. Dit behels voorbidding, aanbidding, getroue diens en die uitdra van ons getuienis vir Jesus Christus tot aan die einde van die wêreld.

3 GODSDIENSVRYHEID, naamlik dat geen individu deur die Staat of enige sekulêre-, geestelike- of godsdienstige groep in geloofsake gedwing mag word nie. Die reg van die individu se gewete moet gerespekteer word. Elke gelowige het die reg om die Skrif verantwoordelik onder leiding van die Heilige Gees te verklaar.

4 DIE SKEIDING TUSSEN KERK EN STAAT. Deur die voorsienigheid van God verskil hierdie twee instansies in hulle besondere aard en funksie. Die Staat is verantwoordelik vir reg en geregtigheid, vir ’n ordelike samelewing en om die welsyn van sy burgers te verseker. Die Kerk is verantwoordelik vir die prediking van die Evangelie, om God se wil bekend te maak en dit uit te leef, om vir die gelowiges te sorg, asook om deur haar profetiese stem die Staat tot orde te roep.

5 DIE HUWELIK as ’n eksklusiewe, lewenslange eenheid tussen ’n natuurlik-gebore man en ’n natuurlik-gebore vrou soos God dit van die begin af ingestel het. Ons glo in ’n wedersydse onderdanigheid waarin die man verantwoordelik liefdevolle leiding neem en die vrou haar man komplimenterend ondersteun.

## Aanhangsel 2: Nashville-geloofsverklaring met Skrifverwysings. ('n Koalisie vir Bybelse seksualiteit)

"*Erken dat die HERE God is:*
*Hy het ons gemaak en ons is Syne,*
*ons is sy volk, sy eie kudde.*"
Psalm 100:3

### Aanhef

Aan die begin van die 21ste eeu het Evangeliese Christene hulleself in 'n oorgangstyd in die geskiedenis bevind. Aangesien die Westerse kultuur toenemend *post-Christelik* geword het, het hulle begin om die betekenis van die begrip *MENSWEES* te hersien. Die gees van ons tyd *onderskei* nie meer die skoonheid van God se plan met die mens se lewe nie. Trouens, mense het oor die algemeen nie meer lewensvreugde nie. Baie mense ontken dat God die mens tot Sy eer gemaak het; dat Hy ons as manlike en vroulike wesens vir Sy goeie doel en ons persoonlike en fisiese lewens geskep het. Dit is deesdae algemeen om te dink dat die mens se identiteit as manlik en vroulik nié deel is van God se wonderlike plan nie, maar dat dit eerder 'n uitdrukking is van 'n individu se outonome voorkeure.* God se volmaakte plan vir Sy skepsels – die weg tot volle vreugde wat sal hou – word dus vervang met die weg van kortsigtige, alternatiewe keuses wat vroeër of later die mens se lewe sal verwoes en God oneer sal aandoen.

Hierdie sekulêre gees van ons tyd veroorsaak vir die Christelike kerk groot probleme. Sal die Kerk van die HERE Jesus Christus haar Bybelse oortuiging, suiwerheid (duidelikheid) en moed prysgee en met die gees van die tyd saamsmelt? Of sal sy aan die Woord van die Lewe vashou, by Jesus Christus moed skep en Sy weg onbeskaamd as die weg tot die lewe verkondig? Sal sy haar duidelike teen-kulturele getuienis aan 'n wêreld wat daarop uit is om homself te vernietig, behou?

Ons is daarvan oortuig getrouheid in ons geslag beteken ons moet weereens die ware verhaal van die Skepping en ons plek daarin bekend maak — veral as manlike en vroulike skepsels van God. Die Christelike Woord leer ons dat daar slegs één God is wat *alleen* die Skepper en HERE van almal en alles is. Slegs aan Hom skuld elke mens die danksegging uit 'n blye hart, opregte lof en algehele getrouheid. Dit is nie net die weg tot die verheerliking van God nie, maar ook tot selfkennis. Om ons Skepper te vergeet, is om te vergeet wie ons is, want Hy het ons vir Homself gemaak. Ons kan onsself ook nie werklik ken as ons Hom nie ken wat ons vir Homself geskape het nie – ons het onsself nie gemaak nie en ons behoort nie aan onsself nie. Ons ware identiteit as manlike en vroulike wesens is deur God aan ons gegee. Dit is nie net dwaas om onsself te probeer maak wat God ons nie geskep het om te wees nie; dit is hopeloos!

Ons glo God se plan vir Sy skepping en Sy Weg tot verlossing dien om aan Hom die grootste heerlikheid te bring – en dit bring vir ons die grootste GOED. God se goeie plan bring vir ons die grootste vryheid. Jesus het gesê dat Hy gekom het, sodat ons die lewe mag hê – in oorvloed! Hy is *vir* ons, nie teen ons nie. In die hoop om Christus se kerk te dien en in die openbaar van God se goeie doel vir menslike seksualiteit te getuig (soos geopenbaar in die Christelike Skrif), bely ons die volgende bevestigings en ontkennings.

**Artikel 1**
ONS GLO dat God die huwelik as ’n verbond ingestel het. Dit is ’n pro-kreatiewe, lewenslange eenheid tussen een manlike persoon en een vroulike persoon as man en vrou. Die doel van die huwelik is om die verbondsliefde tussen Christus en Sy bruid, die kerk, uit te beeld.

ONS ONTKEN dat God die huwelik bestem het om ’n homoseksuele, meerslagtige of eenslagtige verhouding te wees. Verder ontken ons dat die huwelik ’n blote menslike kontrak is, eerder as ’n verbond wat voor God gemaak is.

**Artikel 2**
ONS BEVESTIG dat God se geopenbaarde wil vir alle mense die volgende is: kuisheid buite die huwelik en getrouheid binne die huwelik.

ONS ONTKEN dat enige teerheid, begeertes, of verbintenisse ooit seksuele intimiteit voor of buite die huwelik regverdig; ook nie enige vorm van seksuele immoraliteit nie.

**Artikel 3**
ONS BEVESTIG dat God Adam en Eva, die eerste mense, na Sy eie beeld geskep het; gelyk voor God as mense; onmiskenbaar manlik en vroulik.

ONS ONTKEN dat die God-bepaalde verskille tussen manlik en vroulik hulle ongelyk in waardigheid en waarde maak.

**Artikel 4**
ONS BEVESTIG dat die verskille wat God tussen *manlik* en *vroulik* bestem het Sy oorspronklike skeppingsontwerp weerspieël, en dat Hy dit vir die mens se voordeel en groei bedoel het.

ONS ONTKEN dat sulke verskille óf die gevolg van die sondeval is, óf ’n tragedie wat oorkom moet word.

**Artikel 5**
ONS BEVESTIG dat die verskille tussen manlike en vroulike voortplantingstrukture ’n integrale deel van God se ontwerp vir self-begrip as manlik en vroulik is.

ONS ONTKEN dat fisiese afwykings of sielkundige toestande die God-aangestelde skakel tussen biologiese geslag en self-begrip as manlik of vroulik nietig verklaar.

**Artikel 6**
ONS BEVESTIG dat diegene wat met ’n fisiese versteuring van geslagsontwikkeling gebore is na die Beeld van God geskape is, en dat hulle net soveel waardigheid en waarde as al die ander beelddraers het. Hulle word deur ons Here Jesus erken waar Hy sê: “*Daar is mense wat nie kan trou nie omdat hulle van hulle geboorte af so is, …*” (Matt. 19:12). Hulle is saam met al die ander welkom as getroue volgelinge van Jesus Christus en moet hulle biologiese geslag aanvaar sovêr as wat dit bekend is.

ONS ONTKEN dat onduidelikhede in verband met ’n persoon se biologiese geslag hom sal keer om ’n vrugbare lewe in blymoedige gehoorsaamheid aan Christus te lei.

**Artikel 7**
ONS BEVESTIG (soos in die Skrif geopenbaar) dat die mens se siening van homself as manlik of vroulik deur God se heilige doel in die mens se skepping en verlossing gedefinieer moet word.

ONS ONTKEN dat die aanvaarding van ’n homoseksuele of transseksuele selfbegrip met God se heilige doel in die skepping en verlossing strook.

**Artikel 8**
ONS BEVESTIG dat mense wat tot dieselfde geslag seksueel aangetrokke voel deur geloof in Jesus Christus ’n ryk en vrugbare lewe kan leef wat vir God aanneemlik is (dit geld indien hulle, soos alle Christene, ’n suiwer lewe lei).

ONS ONTKEN dat seksuele aangetrokkenheid tot dieselfde geslag deel is van die natuurlike goedheid van God se oorspronklike skepping, of dat dit ’n persoon sonder die hoop van die evangelie laat.

**Artikel 9**
ONS BEVESTIG dat sonde die mens se seksuele begeertes verdraai en van die huweliksverbond na seksuele immoraliteit toe weglei – ’n verdraaiing wat beide heteroseksuele en homoseksuele immoraliteit insluit.

ONS ONTKEN dat ’n blywende patroon van die begeerte na seksuele immoraliteit seksueel immorele gedrag regverdig.

**Artikel 10**
ONS BEVESTIG dat dit ’n sonde is om homoseksuele immoraliteit of transseksualisme goed te keur; dat sodanige goedkeuring ’n wesenlike wegdraai van Christelike getrouheid en getuienis tot gevolg het.

ONS ONTKEN dat die goedkeuring van homoseksualiteit of transseksualisme ’n saak van morele traak-my-nie-agtigheid is waaroor andersins getroue Christene mag saamstem of verskil.

**Artikel 11**
ONS BEVESTIG dat dit ons plig is om te alle tye die waarheid in liefde te praat, ook wanneer ons as ’n man of ’n vrou met of oor mekaar praat.

ONS ONTKEN enige verbintenis om op ’n manier te praat wat God se skepping van Sy beelddraers as manlik en vroulik oneer aandoen.

**Artikel 12**
ONS BEVESTIG dat die genade van God in Christus beide genadige vergifnis en transformerende krag gee. Hierdie vergifnis en krag stel ’n volgeling van Jesus instaat om sy sondige begeertes te laat staan en te lewe op ’n wyse wat die Here waardig is.

ONS ONTKEN dat die genade van God in Christus (i) nie genoegsaam is om alle seksuele sondes te vergewe nie; en (ii) nie aan elke gelowige wat tot seksuele sonde aangetrokke voel, krag kan gee vir heiligheid nie.

**Artikel 13**

ONS BEVESTIG dat die genade van God sondaars in Christus instaat stel om transgender selfbeskouings te versaak. Sy genade stel mense instaat om deur goddelike verpligting die Godgegewe skakel tussen ’n mens se biologiese geslag en sy selfbeskouing as manlik of vroulik te aanvaar.

ONS ONTKEN dat die genade van God in Christus selfbeskouings wat met God se geopenbaarde wil in stryd is, goedkeur.

**Artikel 14**

ONS BEVESTIG dat Christus Jesus na die wêreld toe gekom het om sondaars te red. Ons erken ook dat vergifnis van sonde en die ewige lewe deur Christus se dood en opstanding beskikbaar is; beskikbaar vir elke mens wat hom van sy sonde bekeer en op Christus alleen vertrou vir die vergifnis van sondes en die ewige lewe. So iemand se geloof is in Christus as Verlosser en Here, ons grootste Skat.

ONS ONTKEN dat die Here se arm te kort is om te red, of dat enige sondaar buite Sy bereik is.

**Skrifverwysings***

Gen. 1:26-28; 2:15-25; 3:1-24; Ex. 20:14; 20:17; Lev. 18:22; 20:13; Deut. 5:18, 21; 22:5; Rig. 19:22; 2Sam. 11:1-12:15; Job 31:1; Ps. 51:3-21; Spr. 5:1-23; 6:20-35; 7:1-27; Jes. 59:1; Mal. 2:14; Matt. 5:27–30; 19:4-6, 8-9, 12; Hand. 15:20, 29; Rom. 1:26–27; 1:32; 1Kor. 6:9–11, 18-20; 7:1-7; 2Kor. 5:17; Gal. 5:24; Ef. 4:15, 20–24; 5:31–32; Kol. 3:5; 1Tess. 4:3-8; 1Tim. 1:9–10, 15; 2Tim. 2:22; Titus 2:11-12; Hebr. 13:4; Jak. 1:14–15; 1Pet. 2:11; Judas 7

** **Skrifverwysings** is nie deel van die oorspronklike dokument nie, maar is daarna bygevoeg vir verwysing.

Hierdie dokument is vertaal, ondersteun en geteken deur die Assosiasie van Bybelsgedrewe Kerke in Suid Afrika (ABKSA). Hiermee ’n skakel na die oorspronklike dokument van **Aanvanklike Handtekeninge***(*Instansies waaraan hulle behoort is slegs vir identifisering*).

Nashville-Statement
-with-Scripture-Ref-

## Aanhangsel 3: ’n Verklaring oor Algemene Geregtigheid en die Evangelie

**Artikel 1**
**Die Skrif**

ONS BEVESTIG dat die Bybel as God se Woord deur Hom ingegee is. Dit is foutloos, onfeilbaar en die finale gesag vir die bepaling van waarheid (wat ons moet glo) en wat reg is (hoe ons moet lewe). Alle bewerings en etiese standaarde moet aan God se Woord – die Skrif alleen – getoets word.

ONS ONTKEN dat die Christelike geloof, karakter of optrede deur enige ander gesag gedikteer kan word. Verder ONTKEN ONS dat die postmoderne ideologieë wat van interseksionaliteit, radikale feminisme en die kritiese-ras-teorie afgelei is, met Bybelse lering strook. ONS ONTKEN verder dat bevoegdheid om oor enige Bybelse saak lering te gee van sogenaamde “*geestelike mense*” af kom (eerder as van diegene wat ’n duidelike begrip van die Skrif toon en eenvoudig kommunikeer wat daarin geopenbaar is.)

SKRIFGEDEELTES: Genesis 2:18-25; Psalm 19:8-11; 1Korintiërs 2:14-15; Efesiërs 5:22-33; 2Timoteus 3:16-4:5; Hebreërs 4:12; 13:4; 1Petrus 1:25; 2Petrus 1:19-21

**Artikel 2**
**Imago Dei**

ONS BEVESTIG dat God alle mense gelykwaardig na Sy eie beeld geskape het. Alle mense is goddelike beelddraers van onskatbare waarde voor God en verdien eer, respek en beskerming. Elkeen is deur God en tot God geskape.

ONS ONTKEN dat God-gegewe rolle, sosio-ekonomiese status, etnisiteit, geloof, geslag, fisiese toestande of enige ander eienskap van ’n persoon daardie individu se waarde as ’n beelddraer van God tot niet maak of daartoe bydra.

SKRIFGEDEELTES: Genesis 1:26-30; 2:18-22; 9:6; 2Korintiërs 5:17; Kolossense 1:21-22

**Artikel 3**
**Geregtigheid**

ONS BEVESTIG dat God – aangesien Hy heilig, regverdig en billik is – van diegene wat Sy beelddraers in die wêreld is, eis dat hulle heilige, regverdige lewens lei. Dit sluit in dat hulle aan almal die nodige respek sal toon; dat hulle aan elkeen sal gee wat hom

toekom. Ons bevestig dat gemeenskappe wette in plek moet stel om ongeregtighede wat deur kulturele vooroordeel afgedwing is, reg te stel.

ONS ONTKEN dat ware geregtigheid kultureel gedefinieer kan word. Standaarde van geregtigheid wat bloot sosiaal gekonstrueer is, kan nie met dieselfde gesag as uit die Skrif verkry, afgedwing word nie. Ons ontken verder dat dit vir Christene moontlik is om onder enige ander beginsels as die Bybelse standaard van geregtigheid regverdig in die wêreld te lewe. Relativisme en sosiaal-saamgestelde standaarde van waarheid, moraliteit, idees van reinheid en verdorwenheid wat voortdurend verander, kan nie uitloop op volmaakte geregtigheid nie.

SKRIFGEDEELTES: Genesis 18:19; Jesaja 61:8; Miga 6:8; Matteus 5:17-19; Romeine 3:31

**Artikel 4**
**God se Wet**

ONS BEVESTIG dat God se wet – soos in die TIEN GEBOOIE opgesom, soos kortliks saamgevat in die twee grootste gebooie en openbaar gemaak in Jesus Christus – die enigste standaard van onveranderlike geregtigheid is. Die oortreding van daardie wet loop uit op sonde.

ONS ONTKEN dat enige verpligting wat nie uit God se gebooie vloei nie Christene as ’n voorskrif vir ’n regverdige lewe wettiglik opgelê kan word. Ons ontken verder die wettigheid van enige beskuldiging van sonde of oproep tot bekering wat nie voortkom uit die oortreding van God se gebooie nie.

SKRIFGEDEELTES: Deuteronomium 10:4; Romeine 6:14; 10:5; Galasiërs 2:16, 3:10, 12; Kolossense 2:14-17; Hebreërs 10:1

**Artikel 5**
**Sonde**

ONS BEVESTIG dat God se volk almal verbind is aan Adam: beide natuurlik en volgens die verbond. Daarom, a.g.v. die eerste sonde, is almal onder die vloek van God se wet gebore. Daar is geen verskil in die toestand van sonde van verskillende ouderdomme, volkere of geslag nie. Almal is verdorwe in alles wat hulle doen en staan veroordeel deur God se wet. Alle menslike verhoudings, sisteme en institusies word deur sonde geraak.

ONS ONTKEN dat enige persoon, anders as die vorige verwysing na ons verbintenis tot Adam, moreel vir ’n ander se sonde verantwoordelik is. Alhoewel gesinne en nasies as groepe kan sondig en kulture aanleiding tot spesifieke sondes kan gee, deel opvolgende geslagte slegs in hulle voorouers se skuld as hulle daardie sondes goedkeur (of dit

probeer regverdig) en daarin deel. Elke mens moet hom voor God bekeer en sy of haar sondes bely om vergifnis vir enige spesifieke sonde te verkry.

SKRIFGEDEELTES: Genesis 2:16, 17, 3:12, 13-15; Spreuke 29:18; Jesaja 25:7; 60:2-3; Jeremia 31:27-34; Esegiël 18:1-9, 14-18; Matteus 23:29-36; Romeine 1:16-17, 3:23, 5:12, 10:14-17; 1Korintiërs 15:3-11; 2Korintiërs 11:3; Galasiërs 1:6-9; Titus 1:12; Open-baring 13:8

**Artikel 6**
**Die Evangelie**

ONS BEVESTIG dat die evangelie die goddelik-geopenbaarde boodskap oor die persoon en werk van Jesus Christus is. Die evangelie behels veral Sy maagdelike geboorte, Sy regverdige lewe, Sy plaasvervangende offer, Sy soendood en Sy liggaamlike opstanding uit die dood. Hierdie werk van Christus openbaar aan ons wie Hy is en wat Hy gedoen het. Dit bevat die belofte dat Hy enigeen en elkeen sal red wat van sy sonde wegdraai deur *Hom* as HERE te vertrou.

ONS ONTKEN dat nóg goeie werke, nóg ons opinies by die evangelie bygevoeg kan word sonder om dit te verdraai en dit 'n ander evangelie te maak. Dit beteken ook dat die doel en toepassings van die evangelie – soos die plig om regverdig in die wêreld te lewe – nie bepalende komponente van die evangelie is nie. Ons ontken nie dat die toe-passings van die evangelie in hulle eie reg wettig en belangrik is nie.

SKRIFGEDEELTES: Genesis 3:15; Spreuke 29:18; Jesaja 25:7, 60:2,3; Romeine 1:16-17, 10:14,15,17; 1Korintiërs 15:1-11; Galasiërs 1:6-9; Openbaring 13:8

**Artikel 7**
**Verlossing / Redding**

ONS BEVESTIG dat verlossing slegs deur die genade van God geskenk word; slegs deur geloof in Jesus Christus. Elke gelowige word met Christus verenig, voor God geregverdig en in Sy familie aangeneem. Daar is dus in God se oë geen verskil in geestelike waarde tussen diegene wat in Christus is nie. Verder is almal wat in Christus verenig is ook met mekaar verenig, ongeag van ouderdom, volk of geslag. Alle gelowiges sal verander word tot hulle gelykvormig is aan die beeld van Christus. Deur die wedergeboorte wat van God kom en deur Sy heiligmakende genade sal alle gelowiges op die dag van Jesus Christus tot 'n finale, heerlike, sondelose staat van volmaaktheid gebring word.

ONS ONTKEN dat verlossing op enige ander manier verkry kan word. Ons ontken ook dat verlossing elke Christen van alle oorblywende sonde vrystel, of selfs teen ernstige sondes in sy lewe immuun maak. Ons ontken verder dat etnisiteit enigeen van die verstaan van die evangelie uitsluit. Verder versag of verwyder niemand se etniese- of kulturele erfenis sy plig om hom te bekeer en te glo nie.

SKRIFGEDEELTES: Genesis 3:15; Handelinge 20:32; Romeine 3-4; Efesiërs 2:8-9; Galasiërs 3:28-29; 1Johannes 2:1-2

**Artikel 8**
**Die Kerk**

ONS BEVESTIG dat die primêre rol van die kerk die volgende is: aanbidding van God deur die prediking van Sy Woord, gesonde lering, die bediening van die doop van die gelowige, die bediening van die Nagmaal, die weerlegging van diegene wat hulle teen die suiwer lering van die Woord uitspreek, die toerusting van die heiliges en die evangelisering van die verlore mensdom. Ons bekragtig dat wanneer die evangelie gepreek word, dit dikwels ’n positiewe uitwerking op die kultuur/gemeenskap het, sodat dit verskeie probleme tot bedaring bring. Ons bevestig verder dat ons, onder die Heerskappy van Christus, die gesag wat God oor ons aangestel het, moet gehoorsaam en dat ons vir burgerlike leiers moet bid.

ONS ONTKEN dat politieke of sosiale aktivisme as ’n integrale deel van die evangelie gesien moet word, of primêr is tot die sending van die kerk. Om ’n effek op die wette van die samelewing te hê, moet gelowiges alle wettige middele wat God in Sy voorsienigheid daar gestel het, gebruik. Nogtans ontken ons dat hierdie aktiwiteite óf ’n bewys van reddende geloof is, óf ’n sentrale deel van die kerk se sending uitmaak (soos gegee deur Jesus Christus, haar Hoof). Ons ontken dat wette of regulasies enige inherente krag het om sondige harte te verander.

SKRIFGEDEELTES: Matteus 28:16-20; Romeine 13:1-7; 1Timoteus 2:1-3; 2Timoteus 4:2; Titus 1:9; 1Petrus 2:13-17

**Artikel 9**
**Dwaalleer**

ONS BEVESTIG dat dwaalleer ’n ontkenning of afwyking is van ’n leerstelling wat noodsaaklik is vir die Christelik geloof. Ons bevestig verder dat dwaalleer dikwels die sleutel- en noodsaaklike waarhede met variante idees vervang, of nie-noodsaaklike idees tot die status van noodsaaklikhede verhoog. Om dwaalleer aan te hang, is om die geloof wat eens en vir altyd aan die heiliges oorgelewer is, te verlaat en om jouself op ’n pad na geestelike verwoesting te bevind. Ons bevestig dat ons die beskuldiging van dwaalleer reserveer vir diegene wat so van die Christelike waarheid afwyk dat hulle die gewigtige en kern Bybelse lering van verlossing verwoes. Verder bevestig ons dat beskuldigings

van dwaalleer deur duidelike bewyse van sulke destruktiewe beskouings vergesel moet word.

ONS ONTKEN dat diegene wat nie volmaak volgens elke implikasie van opregte geloof in die evangelie lewe nie, dwaalleraars is.

SKRIFGEDEELTES: Johannes 14:6; Handelinge 4:12; Galasiërs 1:6-9; 1Johannes 4:1-3, 10, 14, 15; 5:1, 6-12

**Artikel 10**
**Seksualiteit en die Huwelik**

ONS BEVESTIG in die begin het God ’n man en ’n vrou gemaak. Hierdie Godgegewe onderskeid is goed en reg, en ons moet dit bekendmaak. Manlikheid en vroulikheid word biologies reeds by konsepsie bepaal en is nie onderhewig aan verandering nie. Die vloek van sonde loop uit op sondige, versteurde gevoelens wat in sommige mense as aangetrokkenheid tot dieselfde geslag manifesteer. Verlossing bied reinigende krag om van sulke skandelike neigings af te sien en hulle deur die Gees dood te maak. Verder bevestig ons God se plan vir die huwelik is vir een man en een vrou wat in een vleeslike-, verbonds en seksuele verhouding saam woon, totdat die dood hulle skei. Diegene wat nòg die begeerte, nòg die geleentheid het om te trou, is geroepe om God in enkelskap en reinheid te dien. Dit is net so ’n eerbare roeping as die huwelik.

ONS ONTKEN dat menslike seksualiteit ’n sosiaal-saamgevoegde konsep is. Verder ontken ons dat ’n mens se geslag veranderlik is. Ons verwerp die begrip “homoseksuele Christen” as ’n Bybels-erkende kategorie. Verder ontken ons dat enige vennootskap anders as tussen een man en een vrou in ’n lewenslange verbondenheid, waarlik ’n *HUWELIK* is. Ons ontken ook dat mense op grond van kulturele klassifikasie as ’n “seksuele minderheid” geïdentifiseer moet word. Ons moet hulle liewer op grond van die beelddraende karakter van menslike seksualiteit waarvolgens hulle geskep is, eer.

SKRIFGEDEELTES: Genesis 1:26-27, 2:24, 4:1, 19:24-28; Matteus 19:3-6; Romeine 8:12; 1Korintiërs 6:9-11; 1Timoteus 1:10, Judas 7

**Artikel 11**
**Komplementeringsteorie**

ONS BEVESTIG dat God die mens met inherente biologiese en persoonlike onderskeidings tussen hulle as manlik en vroulik geskape het. Ons bevestig ook dat hierdie verskille goed, reg en mooi is. Alhoewel daar voor God se wet geen onderskeid tussen mans en vroue is nie (ook nie as ontvangers van Sy reddende genade nie), bevestig ons dat God mans en vroue met verskillende eienskappe vir spesifieke rolle gemaak

het. Hierdie verskille word die duidelikste in die huwelik en die kerk gedefinieer. Dit is egter nie irrelevant in ander lewensterreine nie. In die huwelik moet die man sy vrou lei, liefhê, versorg en beskerm. Net so moet die vrou haar man respekteer en in alles wat wettig is aan hom onderdanig wees. In die kerk mag slegs mans wat kwalifiseer as leraars of ouderlinge die leiding neem en die hele gemeente leer. Ons bevestig verder dat die beeld van God die volledigste en beste in die samelewing uitgedruk word as manne en vroue God in gehoorsaamheid dien en in ooreenstemming met hulle Godgegewe rolle lewe.

ONS ONTKEN dat die God-gegewe verskille in mans en vroue se rolle hulle inherente geestelike waarde afkraak, of die een bo die ander stel. Net so beperk die verskille geensins mans of vroue se groei tot eer van God nie.

SKRIFGEDEELTES: Genesis 1:26-28, 2:15-25; 3:1-24; Efesiërs 5:22-33; 1Korintiërs 11:7-9; 1Timoteus 2:12-14; Titus 2

**Artikel 12**
**Ras / Bevolkingsgroepe**

ONS BEVESTIG dat alle mense uit een man gemaak is. Alhoewel mense dikwels as verskillende bevolkingsgroepe en nasionaliteite onderskei word, is hulle ontologies voor God gelyk, beide in skepping en verlossing. “Ras” is nie ’n Bybelse kategorie nie. Dit is eerder ’n sosiale konsep wat dikwels gebruik word om groepe mense in terme van mindere en meerdere gesag te klassifiseer. Alles wat in verskeie etniese agtergronde en ervarings goed, eerlik, regverdig en lieflik is, kan as die vrug van God se genade herdenk word. Alle sondige aksies en die gevolge daarvan (insluitend booshede wat tussen etniese groepe ingesypel het of deur ander ingebring is) moet as sonde bely word en gestaak word.

ONS ONTKEN dat Christene hulleself in rassegroepe moet verdeel, of dat hulle rasse-identiteite moet sien as bo, of selfs gelyk aan hulle identiteit in Christus. Ons ontken ook dat enige verdeeldheid tussen groepe mense (van onuitgesproke meerderwaardigheid tot openlike haatdraendheid) enige wettige plek het in die gemeenskap van die gelowiges. Ons verwerp enige lering wat rassegroepe aanspoor om hulself te sien as bevoorregte onderdrukkers, of as slagoffers van onderdrukking. Terwyl ons moet treur saam met diegene wat treur, ontken ons dat iemand se gevoelens van gekrenktheid of onderdrukking noodwendig bewys dat iemand anders aan sondige gedrag, onderdrukking of vooroordeel skuldig is.

SKRIFGEDEELTES: Genesis 1:26–28; Handelinge 17:24-26; 1Korintiërs 13:4-7; 2Korintiërs 12:16-18

**Artikel 13**
**Kultuur**

ONS BEVESTIG sommige kulture funksioneer op grond van aannames wat inherent beter is as die van ander kulture. Dit is omdat Bybelse waarhede hierdie kulture se wêreldbeskouings inspireer. Ons moet dankbaar wees vir die elemente in ’n gegewe kultuur wat goddelike openbaring reflekteer, en ons moet dit bevorder. Die verskillende kulture waaruit ons geroep is, het egter almal wêreldse en sondige eienskappe. Vir die eer van Christus moet ons daardie sondige kenmerke verwerp. Ons bevestig dat ons die kultuur se bose en onderdrukkende invloed deur bekering en die lering van Bybelse waarheid aan ons hart en gedagtes kan en moet onderwerp.

ONS ONTKEN dat individue en subgroepe in enige kultuur nie deur God se genade bo morele defekte of geestelike tekorte in hulle onderskeie kulture kan uitstyg nie.

SKRIFGEDEELTES: Romeine 1:18-32; Efesiërs 4:17-24; Kolossense 3:5-11

**Artikel 14**
**Rassisme**

ONS BEVESTIG dat rassisme ’n sonde is wat in trots en kwaadwilligheid gewortel is. Almal wat die beeld van God in alle mense wil eer, moet rassisme veroordeel en uitroei. So ’n rassesonde kan homself óf subtiel óf openlik as vyandigheid tussen, of verwaandheid teenoor rasse openbaar. Sodanige sondige trots of partydigheid skiet kort aan God se geopenbaarde wil en oortree Sy Koninklike wet van liefde. Ons bevestig dat feitlik alle kulture – insluitend ons eie – by tye wette en sisteme het wat rassistiese gesindhede en beleide aanwakker.

ONS ONTKEN dat dit met Bybelse Christelikheid ooreenstem om mense met sondige partydigheid te behandel. Ons ontken verder dat net diegene in gesagsposisies rassisties is, of dat individue van enige spesifieke etniese groepe nie rassisties is nie. Verder ontken ons dat sistemiese rassisme enigsins met die kern beginsels van histories-evangeliese oortuigings versoen kan word. Ons ontken dat die Bybel wettiglik gebruik kan word om partydigheid, benadeling of minagting van ander volkere aan te wakker. Ons ontken dat die huidige evangeliese beweging enige opsetlike agenda het om enige etniese groep te verhef en ’n ander tot onderhorigheid te dwing. Ons ontken nadruklik dat lesings oor sosiale kwessies (of aktiewe bevordering wat daarop gemik is om die breër kultuur te hervorm) so belangrik vir die gesondheid en lewe van die kerk is as die prediking van die evangelie en die uitleg van die Skrif.

SKRIFGEDEELTES: Genesis 1:26-27; Deuteronomium 10:17; Handelinge 10:34; Romeine 2:11; Efesiërs 6:9; Galasiërs 3:28; Jakobus 2:4.

**Bylaag**

Vir 'n meer breedvoerige oorweging van sommige van die kwessies wat in hierdie verklaring ter sprake is, beveel ons die volgende twee dokumente aan:

- Die 1987 Danvers Belydenis (Statement)
- Die 2017 Nashville Belydenis (Statement)

Vertaal uit die oorspronklike Engels: 2/10/2023

Geproduseer en bygewerk tot StatementOnSocialJustice.com — 9/4/18 — All Rights Reserved.

SSJG.pdf

**Voorstel:** Ds. Johann Strauss stel voor dat die geloofsbelydenis in beginsel goedgekeur word vir implementasie by die volgende AJV in afhanklikheid van die aanvaarding van die werkkomitee voorstel in geheel. Dit sluit in dat die aanhangsels hiervan ook ingesluit is by hierdie besluit

**Sekondant:** Dries Nel

**Stem:** Eenparige stem